Matteus 22:34-40
NAASTELIEFDE IS GEGROND IN JOU VERHOUDING MET JOU HERE

Geliefdes,
In die vorige perikoop het die Sadduseers probeer om Jesus oor die opstanding vas te vra. Maar op sy manier het Hy hulle op hulle plek gesit. Daaroor was die Fariseers baie bly. Dit het hulle weer 'n geleentheid gegee om 'n kans te kry om Jesus aan te val en ook te probeer uitvang. In plaas daarvan dat hulle dankbaar is omdat Jesus die vraag geantwoord het waarmee die Sadduseers hulle altyd vasgevra het, was dit vir hulle belangriker om Jesus vas te vra.

Vir die Fariseers was die Wet van uiterste belang. En all 613 wette bykomend by die Wet. Daar was 248 gebiedinge en 365 verbiedinge waarvolgens hulle moes toesien dat die volk daarvolgens lewe. Daarop kom daar 'n Wetgeleerde, iemand soos 'n prokureur, en vra vir Jesus dat hy moet sê watter een Wet die belangrikste van al die wette is. Werklikwaar 'n strikvraag. Op hierdie vraag antwoord Jesus hulle uit die Ou Testament, wat vir die Fariseers baie belangrik was - Deut 6:5 en Lev 19:18.
Hy sê vir hulle, as julle hierdie twee wette onderhou, dan onderhou julle die hele wet, want hierdie twee is 'n samevatting van die hele wet.
Maar hoe moet ons hierdie samevatting vandag verstaan?

Om hierdie woorde van die Here te verstaan, moet ons gaan kyk na watter tipe liefde die Here hier van praat en wat Hy met naasteliefde bedoel.

1. Watter tipe liefde is dit?
Wanneer Jesus die liefde omskryf, dan noem hy met jou hele hart, jou hele siel en met jou hele verstand (OT praat van krag)
Wanneer Jesus hiervan praat dan bedoel Hy duidelik dat dit nie net 'n liefde in die sin van 'n gevoel is nie, maar 'n liefde met jou hele menswees. Jy moet jou met al jou krag en vermoë tot diens van die Here stel.
Met hart bedoel Hy die sentrum van jou lewe, daar waar alle gedagtes begin. Met siel bedoel Hy die setel van gevoel die ervaring en belewing van God in jou lewe en met verstand/krag bedoel hy nie net jou intelektuele vermoë nie, maar jou hele gesindheid moet op God gerig wees.
Dit noem Jesus die wortelgebod. Ons sien dat hierdie liefde 'n totale oorgawe is. Sonder voorwaarde liefde. Daardie liefde sou Hy later aan sy dissipels en aan ons bewys toe Hy aan die kruis gehang het. In Johannes 15 verduidelik Hy daardie liefde aan sy dissipels, maar hulle verstaan dit nie. Daar noem Hy hulle sy vriende en vind ons dat Christus die oorgang en voorbeeld word van God se onvoorwaardelike liefde wat oorgaan in naasteliefde. In die kruis word liefde geskets as 'n daad nie as bloot 'n gevoel nie. Liefde tot God is nie bloot 'n gevoel nie, maar 'n lewensbeginsel.

2. Liefde tot ons naaste
'n Boom word aan sy vrugte geken. So leer die Here ons in die bergpredikasie volgens Matteus. En nou noem Hy hierdie gebod die wortelgebod. As hierdie wortel so sterk groei in God se liefde, dan moet die takke en vrugte van hierdie wortel netso goed wees.

MAW ons liefde vir ons naaste is gegrond in ons verhouding met ons Here. As jy 'n swak verhouding met jou Here het, dan sal jou verhouding met jou naaste ook nie reg wees nie.
Maar tog gebeur dit dat ongelowiges se verhouding met hulle naaste ook goed kan wees - hoe dan nou? Dan is daardie verhouding steeds nie reg nie, want dit is nie gegrond in God se liefde vir ons nie, en is dit bloot mensgerig.

As ons waarlik mekaar se laste wil dra soos wat God ons in Sy woord beveel, moet ons eerste na ons verhouding met God kyk. Kry daardie verhouding reg en leef waarlik die liefde soos God dit van ons eis uit, en die verhouding met jou naaste sal vanself kom. As jy waarlik met hart, siel en verstand jou God dien, dan sal jy waarlik jou naaste met dieselfde toegewydheid kan dien.

Onthou God het jou eerste liefgehad en daarom kan en moet jy ook liefhê. Onvoorwaardelik, uit jou hart, uit jou hand en deur jou verstand. Jy het die Gees om jou daarin te lei.

Het jy nog enigsins 'n verskoning om nie lief te hê nie? Of wil jy bloot net nie?

AMEN

Ds Human Coetsee